**Aandpakke**
**Beperkte aantal**
Nos. 5½ en 6.
**Die Eikestadwinkel**
**(Edms.) Bpk.**
PLEINSTR., STELLENBOSCH

# DIE Matie

**VILJOEN**
se fietswinkel sal u fiets weer repareer. Bring dit net.
*Parte is skaars maar ons doen nog ons bes.*
ONTHOU — in Pleinstraat
*Net langs Suik[illegible]*

Gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery en uitgegee deur die A.N.S.-Tak Stellenbosch
ORGAAN VAN A.N.S.-TAK. STELLENBOSSE STUDENTEKOERANT.
DEEL III, No. 7 VRYDAG, 9 APRIL 1943. PRYS 1d.

## A.N S.-Tak, U. Kaapstad

### Groote Schuur Donderdag

Gistermiddag is daar op die grasperk voor Avenue Huis, Mowbray, weereens geskiedenis aan die U.K. gemaak, toe die Rugbyklub, Groote Schuur, gestig is. Die persone verantwoordelik vir die stigting van dié klub is almal spelers van die offisiële Universiteits Rugbyklub wat nie akkoord met die houding en handelwyse van die W.P. Rugby-Unie gegaan het. Die Groote Schuur klub sal affilieer by die Wes-Kaaplandse Rugbybond.

Fanie v. d. Spuy en Piet Neethling is onderskeidelik gekies as kaptein en onder-kaptein van die klub. Fanie v. d. Spuy het, nadat hy as kaptein gekies is, 'n beroep gedoen op die spelers wat by die klub wil aansluit om ten alle tye sorg te dra dat daar nie aanleiding gegee word tot gesprekke, ens., wat wrywing tussen lede van die klub en ander studente kan veroorsaak nie.

„Die doel met die stigting van hierdie klub is om rugby te speel sonder enige bybedoelings. Ons gaan niemand van ander klubs afrokkel om by ons aan te sluit nie. Almal wat vanmiddag hier is, en wat nog by ons wil aansluit doen dit uit vrye keuse."

Hy het ook daarop gewys dat daar aansoeke om vriendskaplike wedstryde van vier klubs ontvang is. Die moontlikheid van 'n toer deur die klub word ook oorweeg.

Op 'n vraag insake Intervarsity teen Stellenbosch, het die voorsitter verklaar dat die Groote Schuur klub wel die wedstryd met die gewone intervarsitygees gepaard mag laat gaan, maar die studente sal dan nie Universiteitsliedjies mag sing nie. Dit hang dan van Stellenbosch af of hulle die wedstryd as 'n Intervarsity-wedstryd wil beskou of nie.

Die klub se ledetal vertoon uitstekend met nege van verlede jaar se gereelde eerstespan spelers tot hul beskikking, nl. S. v. d. Spuy (W.P.), P. Neethling (W.P.), C. v. Rensburg, S. de Jong, D. J. Swart, M. v. Niekerk (W.P.), Turkey Oosthuysen, W. A. Malherbe en Pienaar. Dan is daar nog Ivan le Riche, W. te Water, W. de Villiers, B. Strassheim, P. Albertyn, H. Loots en talle tweede- en derdespan spelers om goeie spanne mee in die veld te stoot.

Die kleure van die klub sal heel moontlik wit en blou wees — wit jersies met blou broeke.

Die volgende bestuur is gekies:—
Kaptein: S. v. d. Spuy.
Onder-kaptein: P. Neethling.
Sekretaris: S. de Jong.
Penningmeester: W. te Water.
Add. Bestuurlede: B. Strassheim, D. Swart, T. Oosthuysen en P. Albertyn.

Verteenwoordigers vir die Wes-Kaaplandse Rugbybond: — Dr. J. J. Strassheim en S. v. d. Spuy.

Sekundi: — D. de Villiers en P. Neethling.

Die klub beskik oor die dienste van dr. Strassheim en dr. Ben du Toit (los voorspeler Springbok) as breiers.

### Waardering.

**„Die Matie" wens sy opregte dank aan ons Rektor te betuig vir die waarderende woorde vervat in sy Boodskap in ons feesnommer van 2 April 1943 en vir sy mooi kensketsing van die strewe van „Die Matie" as „kragdadige ywer vir die verwesenliking van die ideaal van studentelewe wat gekenmerk is deur toewyding aan die studie en die ernstige gebruik van die geleentheid en voorreg wat die student het om hom voor te berei om sy volk en land te kan dien."**

## BESIELENDE BOODSKAP UIT P.U.K.

## Die Afrikaanse Student en sy Volk Se Stryd

### Deur Prof. D. J. van Rooy, P.U.K. vir C.H.O.

**Die Afrikanedstudent besef terdeë dat in die stry vir ons volksbestaan, die Afrikanedstudente dwarsdeur die land ook moet saamstaan en mekaar moet ondersteun. Die artikel van prof. v. Rooy wat aan „Die Matie" gestuur is vir publikasie en dat hieronder verskyn, bewys dat die stryd van die A.N.S. op Stellenbosch met belangstelling gevolg word in die Noordelike dele van die Unie en dat ons ook op hulle ondersteunig kan staatmaak.**

Die studerende jong Afrikaner is as reël iemand wat intens belangstel in volksake. Hy verkeer in 'n leeftyd wat deur vurige geesdrif en skone idealisme gekenmerk word. Dit veroorsaak 'n ontevredenheid met bestaande toestande en 'n stellige oortuiging dat hy (hulle) eendag die nodige hervorming gaan teweegbring.

**Goddank vir hierdie geesdrif, idealisme en oortuigingsdurf!** Dit het in die velede nie altyd met die studiejare verdwyn nie, maar dikwels daardie tyd van veelbelowendheid oorleef tot groot nut en voordeel vir land en volk. Dis nie nodig om name te noem nie: hoeveel van ons voorgangers op byna alke gebied het nie al op die Universiteit die teken van hulle toekomstige leierskap getoon nie?

### TAAK VAN UNIVERSITEIT

'n Ander vraag is of ons Afrikaanse inrigtinge vir hoër onderwys — van die ander praat ek nie — hulle van hulle taak in hierdie verband steeds ten volle bewus is. As ons Universiteite tot die kweking van verstandelike ontwikkeling wil bytoekomstige volksleiers meer as bloot dra, moet hulle sorgdra dat die student daar 'n gesonde volksgees aantref, dat dit vir hom nie beteken 'n oorplanting van uit 'n simpatieke Afrikaanse huislike en kerklike omgewing in 'n ontaarde en ontaardende nuwe invloedsfeer nie. Daar word vandag in die naam van geleerdheid, wetenskap en „vryheid" geweldig teen teen ons volksaard en -ideale gesondig. In naam van die „wetenskap" word godslasterlike onwaarhede verkondig; in naam van die „vryheid" staan dit dosent en student vry om, binne uiters rekbare grense wat die welvoeglikheid nog stel of die volksgewete voorskryf, te leer en te leef soos hy wil. Selfs van ons meer vertroude leiers het al op die Universiteit die liberalistiese kiem opgeloop.

Ons Universiteitswet met sy „gewetensklousule" werk hierdie toestand in die hand. Langsamerhand begin ons volk besef waar die wortel van die kwaad lê.

Die Afrikaner het ook op die gebied van die wetenskap baie vestings verower. Die Afrikaanse student ontvang in sy eie taal onderrig, hy kan Afrikaanse handleidings en vakblaaie raadpleeg, alhoewel op hierdie gebied die oes nog maar skraal is. Kultuurdae of -aande vul sy studie aan, nasionale feesdae voed die vaderlandsliefde, en so meer. Dis egter maar die voorposte wat verower is, die slot self is nog in die hande van die vyand, die volksverderwende liberalisme wat sy geheime handlangers oral het. Daarvoor staan ons poort ongelukkig nog wawyd oop en is die poortwagter helaas nie altyd op hulle hoede nie. Is die gevaar van volksverwording vandag in sommige opsigte miskien nie groter as ooit tevore nie? Vroeër moes ons na 'n Engelssprekende Universiteit gaan om heidense wetenskap en uitlandse sedes en denkbeelde te gaan opdoen. Die gevolg was een van twee: óf ons het alles prysgegee — ons God en ons volk — en was in ons „geleerde" gedaante gou geken en gebrandmerk, soos die boer die „eksperte" van destyds, óf ons het ons kritiese betragting van alles wat vreemd was deur voortdurende oefening nooit laat roer nie en gevolglik ons siel behou. Al het ons dan positief nie veel geprofiteer nie, negatief het ons gelukkig nie veel verloor nie en miskien ons eiegoed des te beter leer waardeer.

*Teenswoordig egter bestaan die*

(Vervolg op bls. 4, kol. 1)

## S.V.R.-Lenings

**Aansoeke om S.V.R.-lenings word tot Vrydag, 16 April ingewag.**

**Volledige besonderhede is by die Hoofgebou opgeplak.**

## Ontevredenheid Met S.V.R.-Verkiesingstelsel

### Warm Bespreking in Debat

Dat daar nie juis meer algemene tevredenheid is met die huidige S.V.R.-stelsel nie het duidelik geblyk uit die bespreking van die onderwerp „Proporsionele Fakulteitsverteenwoordiging op die S.V.R. is wenslik," Saterdagaand ll. in die U.S. Debatsvereniging. Nie een van die groot aantal wat deelgeneem het, het eers probeer om die huidige stelsel te verdedig nie.

Mnr. Eddie Botha, wat die onderwerp ingelei het, het 'n goeie samevatting gegee van die gebreke van ons teenswoordige bestaande stelsel van die S.V.R.-verkiesing. Mnr Botha het daarop gewys dat in ons studentegemeenskap van bykans 2,300 studente dit onmoontlik is vir mense om kennis te dra van die werklike bekwaamheid van die S.V.R.-kandidate sodat dit selfs uit 'n lang lys moeilik is om twintig mense te vind. Bekendheid meer as bekwaamheid is volgens mnr. Botha die faktor wat die verkiesing van 'n kandidaat bepaal. Sy oplossing vir dié moeilikhede is dan dat die S.V.R. met die Fakulteite as basis van groepsverdeling, proporsioneel na die grootte van elke fakulteit verteenwoordig moet word.

Die teenstander, mnr. P. A. Theron, het aangesluit by mnr. Botha se kritiek op die huidige stelsel, maar het betoog dat die proporsionele Fakulteitsverteenwoordiging die studentegemeenskap slegs artifisieel opdeel in groepe — en skeidslyne trek op 'n basis waarop dit nie in die studentelewe in die praktyk voorkom nie.

Volgens mnr. Theron is hierdie basis geleë in die natuurlike groepe van die studentegemeenskap en dit nl. die koshuise, die sportklubs en verenigingslewe. Verder meen hy dat dit tog per slot van rekening dié belangrike aspekte is wat die S.V.R. behartig; die S.V.R. behartig nié die Akademiese aspek van die studentelewe waarvan die fakulteite weer die

(Vervolg op bls. 4, kol. 1)

*Maties!*
Maak ons u APTEKERS en wees verseker van ons beste AFRIKANER DIENSTE.
DIE
**Voortrekker-Apteek**
Andringastraat, Stellenbosch

**Die Good Hope Kafee**
VIR GOEIE BEDIENING!
**Pleinstraat,**
***STELLENBOSCH***

Kamers 501-520 Vyfde Verdieping

**R. W. van Ryn**

BRILKAMER.

Tel. 2-1944. Posbus 2657.

Groote Kerkgebou,

KAAPSTAD.

Laat u brilvoorskrif deur my vooltooi word. Maak u keuse uit 'n groot verskeidenheid van moderne rame. Spesiale afslag vir Studente.

**Dames !!!**

NET

**Tant Mita**

KAN

Jul voorsien in

*SMAAK, SNIT*

en

*VERSKEIDENHEID.*

**APTEKERS**

Ons bied u deskundige bediening en betroubare medisyne aan.

•

**JOERNING en SEUN**

(Eiens.) Bpk.

Hoek Bird- en Pleinstraat,

STELLENBOSCH.

**DIE EIKE KAFEE**

(Eienaar: G. H. van Zyl)

*STUDENTE:*

Kom na die EIKE vir vars vrugte, sjokolade en tabak.

Ons waardeer u ondersteuning en verseker u van ons beste dienste.

**Die Plaza**

Foon 0013.

•

*Vrydag en Saterdag,*

*9 en 10 April*

*Salute John Citizen*

(British National Picture)

STANLEY HOLLOWAY

Matinee: Saterdag om 3 n.m.

**Heerlike Vars Vrugte**

*by*

**J. G. Canaris**

## DIE MATIE

Alle korrespondensie aan:
D. F. VAN DER MERWE,
Assist. Red., Dagbreek.

Deel III. 9 April 1943. No. 7.

## Ons Huidige S.V.R.

Die vergadering van die Debatsvereniging verlede Saterdagaand, waarvan 'n verslag elders in hierdie uitgawe verskyn, sal menige student wat die welsyn van ons studentegemeenskap op die hart dra ernstig laat nadink.

Uit die toesprake het duidelik geblyk dat sowel S.V.R.-lede as andere ontevrede is met ons huidige S.V.R.-stelsel. (Vgl. mnr. Botha se toespraak). Die lompe manier waarop die S.V.R. verkies word waar dit verwag word dat almal vir twintig kandidate moet stem of hy nou twintig ken of nie, die magteloosheid van ons S.V.R. om enige sterk beleid aan te gee, ens., is vir almal baie duidelik, asook dat dit al meer en meer nodig word om die huidige stelsel te verander.

Twee alternatiewe stelsels is aan die hand gegee om die huidige stelsel te vervang nl. proporsionele fakulteitsverteenwoordiging of funksionele verteenwoordiging van die verskillende natuurlike groepe in die studente-samelewing. Die proporsionele fakulteitsverteenwoordiging gaan egter mank aan 'n paar belangrike gebreke. Die vernaamste tekortkoming is seer seker dat dit nie 'n natuurlike groepering van die studente-unie daarstel nie. Bloot aan die akademiese aspekte van die student se bestaan word deur hierdie indeling vorm gegee. Die S,V,R, stel egter nie in die eerste plek in hierdie sy van die student se loopbaan belang nie. Die taak van die S.V.R. is immers om die sosiale betrekkinge van studente onderling te organiseer en te koördineer. Hierdie sosiale studentelewe word in die praktyk gedryf deur afsonderlike verenigings, sportklubs, koshuiskomitees, ens. Laasgenoemde organisasies is dus in werklikheid die *natuurlike* groepering van die studente-samelewing, of soos ons dit hierbo gestel het, hulle verteenwoordig die student *funksioneel.*

Baie tentatief kan ons hier 'n aanduiding gee hoe so 'n nuwe tipe S.V.R. saamgestel kan word. Die primarii van die koshuise en die voorsitter van die P.S.O. kan gesamentlik enkele persone benoem om hulle belange in die S.V.R. te verteenwoordig. Dieselfde beginsel kan toegepas word op die verenigings wat sport en die algemene studente-aangeleenthede soos dramatiese en debatswerksaamhede, ens., behartig. Die lede van so 'n nuwe soort S.V.R. sal dan definitief sekere studenteorganisasies verteenwoordig op die S.V.R. Aangesien die leiers van aparte studente-organisasies tog die beste kragte op die universiteit is, omdat hulle net hierdie posisies verkry het op grond van werklike bekwaamheid en gelewerde dienste, sal die S.V.R. net die beste kragte wat in die studenteunie opgesluit lê in sy geledere insluit.

Langs bogenoemde weg sal daar dan eens en vir altyd 'n einde gemaak word aan die jaarlikse raaikompitisie wat die verkiesing van 20 mense vir 'n S.V.R. noodwendig vir die deursnee student meebring, omdat hy nie met die beste wil van die wêreld 'n oordeel kan vel oor die bekwaamheid van mense vir die S.V.R. as hy dié mense gladnie eers ken nie.

Ons vertrou dat bovermelde saak die ernstigste aandag van die denkende lede van die studente-unie in die jaar wat kom sal ontvang.

**SLUIT AAN BY A,N.S.**

# Die Oorlog

## PROPAGANDA: GOED EN SLEG.

*„De Waereldgeschiedenis is 't*
*Waereldgericht,*
*Vergelding, de wet der Historie."*
*— Ten Kate.*

Daar is 'n Engelse versie wat min of meer as volg vertaal kan word:

My land, reg of verkeerd.
Hou reg wat reg is,
Maak reg wat verkeerd is.

In die tyd van oorlog veral is dit net die eerste reël wat die propagandis onthou word en nie wat daarop volg nie. „My land, reg of verkeerd" is dan ook die snaar waarop tot vervelenstoe getokkel word. Dit is die Leitmotiv vir alle propaganda, onverskillig of dit deur die pers, oor die radio of op die doek geskied.

### GOEIE PROPAGANDA

Maar selfs hierdie papagaaiagtige propaganda, gewoonlik die produk van algemene geestelike ontwrigting wat met 'n oorlog gepaard gaan, kan goed wees. As my land werklik in dodelike gevaar verkeer, dan altyd „my land reg of verkeerd." Propaganda is 'n wapen en goed is die wapen as dit help om die oorlog te wen. Goed is dit wanneer dit daarin slaag om die eie moraal hoog te hou en dié van die vyand te ondergraaf. Goed is dit wanneer dit daarin slaag om die eie volk en die wêreld daar buite van die regverdigheid van die eie saak te oortuig en dié van die vyand as verwerplik en sleg voor te stel. Dit is nou eenmaal die taak van die oorlogspropaganda om eie oorwinnings te vergroot en dié van die vyand te verkleineer, om eie nederlae te verkleineer en dié van die vyand te vergroot. My-land-reg-of-verkeerd-propaganda kan dus 'n belangrike bydrae tot die eindoorwinning lewer.

Die taak van die propaganda is egter nie altyd so eenvoudig nie. Dit gebeur soms dat die taal wat oorlogsfeite spreek harder en duideliker is as die taal van die propaganda. Dit kom voor dat die eie oorwinnings te negatief is om vergroot te word en dat die eie nederlae te positief is om verkleineer te word. In hierdie geval moet van subtieler metodes gebruik gemaak word. Daar word dan wel gepraat van sweet, trane en bloed, van dodelike gevare en dies meer, maar terselfdertyd word daar ook gepraat van die silwer randjies aan die swart wolke, van die soet wat op die suur sal volg, van die eindoorwinning wat tog nie kan uitbly nie. Soms word die aandag van aaklike oorlogswerklikhede voorgehou. Daar word dan veel geafgetrek en Utopiese toekomsbeelde praat oor ekonomiese, sosiale en politieke rekonstruksies wat op die eindoorwinning sal volg. Soms lyk dit selfs of 'n bloedige wêreldoorlog nou juis gelukkig 'n noodsaaklike voorwaarde vir 'n dergelike paradys is, of die oorlog iets is waarop die „hervormers" al die jare sit en wag het. Die subtiele van hierdie propaganda bestaan daarin dat 'n naoorlogse Utopië 'n eindoorwinning suggereer. Dit alles egter is goeie propaganda as die moraal op hierdie manier verhoog en die geloof in 'n eindoorwinning versterk kan word

### MINDER GOEIE PROPAGANDA

Minder goed is die propaganda waar dit in wensdenkerige besonderhede gaan. In die loop van die huidige oorlog het ons heelwat kennis met dergelike propaganda gemaak. Voortdurend is die een of ander land of stad genoem wat binne hierdie of daardie tydsbestek van die vyand gesuiwer sal word of waar die vyand sy kop sal stamp onder gewone omstandighede sou 'n mens boomerangagtige reaksies verwag het waar dergelike voorspellings nie bewaarheid is nie. Gewoonlik egter word die propagandis deur die kort geheue en wensdenkery van die algemene publiek gered. Ongelukkige voorspellings kan egter 'n nadelige kumulatiewe uitwerking hê op die algemene moraal van die volk. Die vertroue van die publiek in sy oorlogsberiggewing kan geskok word. 'n Voorbeeld van dergelike propaganda is 'n rolprent waarop die slagskip „Prince of Wales" as simbool van Britse seemag voorgestel is en wat vertoon is na die ongelukkige skip reeds ondergegaan het. Goeie propaganda behoort versigtig te wees en oorwinningsvoorspellings nooit in besonderhede uit te werk nie.

*Deur Prof. J. A. Wiid*

### SLEGTE PROPAGANDA

Daar is een soort propaganda wat sonder meer sleg is. Dit is wanneer daar in die hitte van die stryd breedvoerig uitgewei word oor hoe die vyand na die eindoorwinning gestraf sal word. In die jongste Amerikaanse toekomsdrome speel hierdie soort propaganda nogal 'n groot rol. Die vyand word haarfyn vertel hoe sy leiers gelikwideer, sy volk ontwapen en gestraf sal word, hoe sy land opgedeel en beset sal word, hoe sy industrieë beheer en sy jeug opgevoed sal word, ens. ens. Afgesien daarvan of dergelike sothede slegs vir binnelandse konsumpsie bedoel is en of die algemene oorlogsposisie dergelike grootpraterigheid regverdig, is en bly dit slegte propaganda om 'n vyand met 'n wraakvrede te dreig. Begryp die mense in Washington en Londen dan nie dat hulle aan die vyandelike propaganda die beste dienste bewys nie? Besef hulle dan nie dat 'n vyand tot die laaste sal veg nie as daar vir hom 'n wraakvrede wag nie? Het die beroemde Engelse joernalis Liddle Hart nie gelyk nie as hy skryf: „Elke dreigement wat geuiter word oor wat ons aan die Duitsers sal doen as ons wen, is hulp vir Hitler?" Het die Geallieerde propaganda nie uit die oorlog van 1914—18 geleer nie dat dit nie die „hang-die-keiser-kreet was nie maar die soetsappige veertien punte van 'n Wilson wat die vyand help vermurwe het?

„My land, reg of verkeerd" kan 'n stewige fondament vir goeie propaganda wees as die ander twee reëls ook in aanmerking geneem word. 'n Wraak-vrede wat in die vooruitsig gestel word, is egter 'n bate vir die vyand en die slegste propaganda waarmee 'n oorlog gewen kan word. Minder sothede en meer van 'n Liddle Hart se nugterheid is wat die Geallieerde propaganda broodnodig het. Of is hierdie wraak-vrede-propaganda 'n bewys van Geallieerde swakheid?

---

Mnr. Gawie Theron, oud-Matie, tans van die Burger-redaksie, is verloof aan mej. L. Loedolff, verpleegster in die Volkshospitaal, Kaapstad.

***Ondersteun Die Matie***

**Rook Springbok-Sigarette**

## PLATE-PROGRAM

### Sondagaand 11 April

*Wolfgang Amadeus Mozart*

*(1756 — 1791).*

„Music is an escape from this narrow life of ours." (H. G. Wells).

Miskien nie so matig soos Beethoven wat simfonië betref, of so groots soos Wagner op die opera gebied, was hy nietemin een van die grootste genië in die musiekwêreld.

Opvallend van Mozart is sy veelsydigheid, en van alles het hy 'n sukses gemaak. Alhoewel hy altyd maar arm was en onder moeilike omstandighede moes werk, het hy nietemin baie simfonieë, concerto's, sonatas en operas gekomponeer.

Beethoven het hoofsaaklik net op die gebied van simfonië presteer; Wagner en Verdi het byvoorbeeld weer net op die gebied van operas presteer, maar Mozart het simfonië, operas ens. ens. komponeer wat vir altyd sal bly staan. Sy operas was egter sy allerbeste werke en dis hier waar ons hom nader wil leer ken.

Mozart is in Salzburg gebore en het al 'n opera op 11-jarige leeftyd gekomponeer, en dit was baie op die Italiaanse styl. Die volgende jaar het hy 'n Duitse „Singspiel" gekomponeer en in sy latere werke het hy die twee skole laat saamsmelt. Van Gluck se operas het hy orkestrasie oorgeneem, en dit verwerk en uitgebrei.

In 1782 het hy die eerste groot Duitse opera geskryf „Die Entführung aus dem Serial." Dit is baie komies maar die dramatiese momente ontbreek nie. Ook tref ons hier aan die buffo-karakter.

Sy drie bekendste operas is „Figaro's Hochzeit," „Don Giovanni" en later volg „Die Zauberflote" wat hy as Vrymesselaar spesiaal vir daardie beweging geskryf het. „Figaro" is in Italiaans geskryf en is ook 'n tipiese Italiaanse opera. Saam met „Otello" (Verdi), „Tristan und Isolde" (Wagner) word Mozart se „Entführung" beskou as die drie grootste operas wat nog ooit gekomponeer is.

Deur seldsame plaat-opnames van sangeresse soos Boninsegna en Destinn kan ons vandag min of meer 'n idee kry van hoe 'n standaardopvoering van Verdi se operas moes gewees het 50 jaar gelede toe Italiaanse operasang op sy beste was, maar ons kan geen idee vorm van watter hoë standaard 'n gemiddelde Mozart-opvoering moes gewees het in sy tyd. Die kunstenaars(esse) van daardie tyd moes van baie hoë standaard gewees het, want 'n mens sien dit aan die struktuur en bou van sy aria en ons lees ook dat hy seker rolle vir seker sangers(esse) geskryf het. Vandag het ons baie min artiste wat Mozart se arias reg kan sing. Dis so fyn en ingewikkeld dat dit baie tegniese vaardighed vereis om dit te kan vertolk. Die arias bestaan uit wonderlike melodië, is baie menslik, soms selfs kinderlik eenvoudig, en tog moet 'n kunstenaar baie, baie goed wees om dit reg te kan sing en vertolk.

Die vernaamste werk van die aand is dele uit die Divertimento in E grooterts, waar ons kennis maak met kamermusiek. Dis geskryf vir viool, viola en cello en Mozart het dit in 1788 gekomponeer vir sy vriend en weldoener Puchberg.

1. „Il mio tesoro" uit „Don Giovanni" gesing deur Patzak (tenoor).
2. „Deh! viena alla finestra" uit „Don Giovanni" gesing deur Pinza (bas).
3. „Ach! Ich liebe" uit „die Entführung" gesing deur Perras (sopraan).
4. „Alleluja" uit die motette „Exultate" gesing deur Onegin (contralto).
5. „O Isis und Osiris" uit die „Zauberflöte" gesing deur Kipnis (bas).
6. Die „Minuet," „Andante" en Divertimento in E grooterts.

*Jack Steyn.*

### Dit Was Sy Woorde

O Land, my Moederland, my
Afrika!
Leen my die mag om met gewyde hand
'n Baksteen by te sit aan wat alreeds
Gestapel is vir onse volkspaleis.

*Leipoldt.*

## Toneelopvoering

„Die Grootste Koninkryk van God," 'n verwerking van die Spaanse drama van Sierva deur Charl Engelbrecht word op 16 en 17 April in die C.S.V.-saal ten behoewe van die nuwe hospitaal opgevoer onder die beskerming van die hospitaalraad. 'n Dertigtal studente speel saam onder die bekwame regie van mej. Suzanne van Wyk bygestaan deur mej. A. Gericke.

Mej. Milla Louw sal die rol speel van Suster Gracia oor wie se lewe die drama gaan, — eers as negentienjarige werksaam in 'n ou Mannetehuis — as nege-en-twintigjarige behulpsaam by 'n tehuis vir gevalle vroue en in die derde bedryf — 'n ou vrou van sewentig wat onder uiters moeilike omstandighede voedsel en klere moet bekom vir die seuns van die weesinrigting waar sy die hoof is.

Onder die spelers is ook mej. Miemie de Bruyn, Bettie Gericke, Noëlle Grobbelaar en mnre. Dawid Beyers en Jan Smit.

Daar die drama die leer van naasteliefde en naastediens verkondig in hierdie bewoë tyd, is dit besonder geskik om opgevoer te word om fondse in te samel vir 'n nuwe hospitaal.

### U.S. Debatsvereniging

Eerskomende Saterdagaand word die onderwerp: *„Studente-huwelike op Stellenbosch is wenslik"* bespreek. Volgens wat verneem word, is baie mense net oorgehaal om in hierdie verband ook hulle woord te kom doen.

### Bantoestudiekring

Binnekort word die onderwerp: *„Dis tyd dat Naturelle tot ons Universiteite toegelaat word,"* in die Bantoestudiekring behandel. Die juiste besonderhede i.s. die vergadering sal in die loop van aanstaande week op die aanplakborde verskyn.

### Geslaagde Conserve-Dans

Die „Cons.-Dans" oorverlede Vrydagaand in die banketsaal op Stellenbosch gereël deur die studente van die Conservatorium was vanjaar weer 'n reuse sukses. Die Manhattan-orkes het vrolike musiek verskaf en die dansers het in Suikerbossie verversings gaan geniet. Dr. Con de Villiers, Mev. Fismer, Dr. en Mev. Gert Nel, Mnr. en Mev. Johnman, Mej. Burch en Mnr. Allan Graham was eregaste en het kort na die aanvang van die dans saam brug begin speel in die portaal.

„Die Matie" betuig simpatie met mej. Ann Malherbe, wat haar vader verlede Sondag verloor het.

* * *

Mej. Barlo Retief het verlede naweek 'n besoek aan Stellenbosch gebring.

## Onder Onsies

Mej. Helene Theron het haar pos in Helpmekaar-Hoërskool bedank, en neem tans Medies aan die Universiteit van Witwatersrand.

* * *

Mej. Lettie Jonker het verlede naweek in Sonop gekuier.

* * *

Huis-ten-Bosch het verlede Vrydagaand 'n baie suksesvolle dineéfunksie gehad. Die saal was versier soos 'n Oosterse-tuin en dit het 'n gesellige atmosfeer geskep.

* * *

Mnr. H. Byleveld, 'n oud-Wilgenhoffer, sit vanjaar sy studies voort aan die Universiteit van Witwatersrand.

* * *

Mej. Veronica Nell van Cradock het haar onlangs verloof.

* * *

Mej. Nantie Dannhauzer van Sonop vertrek eersdaags na Pretoria waar sy haar opleiding sal voortsit.

* * *

Donderdagaand was Huis-van-Niekerk se dineé-funksie. Oom Kalie en Tant Hester was ere-gaste.

### A.K.V. Ontbind op Stellenbosch

In laasweek se uitgawe van „Die Matie" het daar 'n foutiewe berig verskyn nl. dat die A.K.V. onder beskerming van die U.S.-Debatsvereniging sou kom. In werklikheid egter bestaan die A.K.V. nie meer nie en daarom het die Debatsvereniging besluit om hom ook toe te lê op kultuursake. Voortaan, volgens die konstitusionele verandering wat laaste Saterdagaand bekragtig is, sal een vergadering per maand aan een of ander kultuur-onderwerp gewy word. Mnr. H. W. Truter is as lid vir kultuur op die Debatsbestuur gekies.

**Dames!**

Sorg dat u die eerste is om die nuwe uitstalling te sien van

**Mej. E. le Roux**

(vroeër van Tant Mita)

*MODEMAAKSTER,*

PLEINSTRAAT.

**HALDENWANG**

HEERLIKE GEBAK—NET WAT U HART BEGEER

Kom besoek ons winkel in PLEINSTRAAT en probeer ons Koek, Tert, Botterbroodjies en alles wat lekker is.

(Foon 135)

ALLEEN Pakke Klere met die Hand gemaak kan u die ONDERSKEIDING gee waarna u verlang.

Dit is die KLERE gemaak deur

**Jac. J. du Toit en Kie.**

Pleinstraat,

STELLENBOSCH.

Ons spesialiseer in MANELPAKKE en TOGAS vir Predikante.

*Maak Kennis met die*

**Nuwe Volkspele**

**Opgestel deur Hester Morrison**

(MEV. W. VAN HUYSSTEEN)

Met Musiek en Liedjies (grondgedigte) deur

**M. L. de Villiers**

Komponis van „Die Stem van Suid-Afrika."

*Hierdie Nuwe Volkspele is met groot sukses uitgevoer by geleentheid van die onlangse Volkspelekursus te Stellenbosch en die Oos-Kaaplandse kursus te Aliwal Noord.*

Prys 4/3 posvry

Bestel by die uitgewers,
PRO ECCLESIA-DRUKKERY
Posbus 28, Stellenbosch
of by u Boekhandelaar.

Vir **BLAKENDE GESONDHEID** drink **HEERLIKE KWV DRUIWESAP**

*Onthou! K.W.V.-Eau de Cologne is 'n besonder aangename en welriekende parfuum*

**AVBOB**

116 Takke — 44,000 Lede
Reserwefonds £113,000

Hoofkantoor:
St. Johnstraat 65
BLOEMFONTEIN

Begrafnisse, Kiste, Kranse, Grafstene

**Rook Springbok-Sigarette**

## Dames-Hokkie

In 'n vriendskaplike hokkiewedstryd Saterdag het die voorlopige Matie-eerstespan die Strandspan met 9 punte teen 0 geklop. Dit was nie slegs die eerste wedstryd van die seisoen vir beide spanne nie, maar ook die heel eerste wedstryd vir die Strand-spelers. Die Maties het swak vertoon maar sal vanjaar hopelik weer 'n puik span op die veld kan stoot na nog 'n paar oefeninge.

## S.V.R.-Verkiesing

(Vervolg van bls. 1, kol. 4)

natuurlike groepe vorm nie.

Na 'n besondere drukke en interessante bespreking, waaruit die algemene ontevredenheid met die huidige stelsel wel deeglik geblyk het, het die teenstander die debat met 'n merderheid van 'n paar stemme gewen. (Sien Hoofartikel. — Red.).

## Boodskap uit P.U.K.

(Vervolg van bls. 1, kol. 3)

*wesenlike gevaar dat die vreemde indringer nie meer herken word nie omdat hy in 'n Afrikaanse pak klere verskyn. Die student word Afrikaanssprekende kultuurmens of wetenskaplike, maar het hy nie terselfdertyd miskien Afrikaanssprekende heiden en volksvreemde geword nie? Vir sy volk beteken hy dan minder as tevore.*

*Dat die Afrikaanse student hierdie gevaar vandag terdeë begin besef is 'n verskynsel wat tot die grootste dankbaarheid stem. Dat hy begin insien dat sy taak nie eers NA sy studiejare begin nie, maar dat hy NOU en HIER 'n geweldige taak het, is een van die mees hoopvolle tekens van ons Afrikanerbewuswording. Die liberalisme kan alleen met vrug beveg word as ons dit in eie kring, ja, in eie boesem, aandurf. Dáár is die wortel van die kwaad.*

P.U.K. MET ONS

Die stryd wat die A.N.S.-O.B. en „Die Matie" aan die Stellenbossche Universiteit voer word met die grootste belangstelling dwarsdeur ons land gevolg. Mag dit die begin van 'n dergelike suiweringsaksie aan al ons Afrikaanse inrigtinge vir hoër onderwys wees, 'n aksie wat hom nie aan persoonlike verwyte of verdagmakery wil wy nie, wat altyd suiwer saaklik, maar dan ook sonder aansien des persoons, sal streef om 'n Christelik-nasionale student aan sy eie Afrikaanse Universiteit in alle opsigte tuis te laat voel, en hom na afloop van sy studies weer by sy volk en in sy kerk net so tuis te laat voel. Dan kan ons leiers wat die naam en eer werd is verwag.

D. J. VAN ROOY.

Potchefstroom,
22 Maart 1943.

# Atletiek

## Nuwelinge op die Baan

Op Saterdag, die 27ste Maart 1943, het die nuwelinge op Coetzenburg deelgeneem aan 'n atletiekbyeenkoms wat jaarliks gereël word vir nuwelinge wat die eerste keer na universiteit kom. Soos van oudsher het Privaat weer met 'n oorweldigende punte-aantal geseëvier. Die uitslag was *Privaat:* 116½ punte; *Koshuise:* 78½ punte. Veelbelowende atlete is opgemerk, en hieronder moet Danie Joubert en J. Furter, albei van Volkskool, Heidelberg, Tvl., spesiaal genoem word. Soos ons van hulle verwag het, het hul ook nie teleurgestel nie. Nieteenstaande 'n sterk wind skuins van voor, het Joubert nog die vinnige tyd van 51.8 in die 440 tree aangeteken. Isak Buys, van U.P. was ietwat van stryk, en het nooit juis kwaai teenstand gelewer nie.

Onder die dames skyn daar nie juis veel opsienbarende talent te wees nie, behalwe miskien mej. Reinecke wat verskeie nommers ingeoes het, maar dan was haar tye ook weer nie van die beste nie. Mej. S. du Preez het werklik ook mooi vertoon deur 4 vt. 8 dm. oor die dwarslat te seil.

Ons hoop net dat dit nie die laaste keer sal wees wat ons van die nuwelinge sal hoor nie — van sommige altans — en dat hul sal bly belangstel in atletiek. Onthou! Sukses kom nie alles in een dag nie: volharding en moed is nodig.

## Swem-Intervarsity

Met die Swem-Intervarsity Saterdag by Groote Schuur het die Ikeys 'n maklike oorwinning behaal, naam lik met 94 punte teen 47. In die duiknommers het die Maties weereens presteer. J. Meiring en R. de Villiers het afsonderlik eerste en tweede gekom, terwyl mej. Thompson vir die dames die eersteplek verower het. Mej. C. Malan het eerste gekom in die nuwelingewedstryd.

In die waterpolo is die Maties met 8 punte teen 2 uitgestof.

# Die Bofbal Intervarsity

Die oortuiging van menige Intervarsityganger voorverlede Saterdag is dat Koos Meyer weereens daarvan gewen het. Daar is nog 'n „ball" en dit is „bofball." Die Intervarsity was werklik opwindend bo verwagting daar die Ikeyspanne so ampertjies gelykop geweeg het teen die Maties. Die sing van tradisionele liedjies en 'n gekorswel wat hoogty gevier het, het al hoe hewiger geword na gelang die uitslag in dis skaal gehang het, om ten slotte op te gaan in die bekende oorwinningskreet.

Na die Ikeys se „rag" is Dr. de Vos Malan en Mnr. N. C. Havenga aan die twee eerstespanne voorgestel.

Die eerstespan het met 6 lopies

# Rugby

## Groote Schuur-Klub

*„Die Matie" haal sy hoed af vir Fanie en sy Manskappe. Saluut!*

Om in mooiweer 'n standpunt te stél en te handhaaf as alles meeloop en as almal in jou omgewing jou goedgesind is en steun en toejuig, is reg en soos dit hoort, maar daarvoor word nou nie juis baie moed vereis nie. „Die Matie" het reeds van die begin Stellenbosch se houding in die huidige voetbalgeskille verwelkom en gesteun en hulle, wat die leiding daarin geneem het, alle eer daarvoor gebring.

Maar om jou beginsel suiwer te stel en te handhaaf in die aangesig van heftige teenstand in 'n vyandiggesinde omgewing, waar 'n mens op die koop toe blootgestel word aan vervolging en viktimisasie, is heeltemal iets anders. Dit eis moed en druf en hare op die tande.

Daarom sê „Die Matie", „Saluut, Fanie, met jou manskappe!" Ons hou van 'n man wat sy man kan staan!

Sonder veld, sonder kleure, sonder geld, in botsing met julle Alma Mater wat op hierdie gebied vir julle die deur wys, maar des te meer vriende en ondersteuners onder julle eie mense. Op die Pad van Suid-Afrika sal die Afrikaanse Volk julle eer omdat daar Voortrekkerbloed in julle are is.

„Die Matie" wens julle 'n baie aangename en voorspoedige seisoen toe.

teen 4 gewen danksy die goeie kolfwerk van Hannes de Villiers, Boesman Brink, Reitz en Haupt, en die uitstekende samespel van Pierre d. Wet, Boesman Brink en G. Theron op die eersterus. Die Ikeys, Kidd en Fanie van der Spuy het ondanks die luidkeelse minagting van die kant van die Matiepawiljoen af, mooi gespeel. Daar is 5 veldfoute deur die Ikeys gemaak teen 4 van die Maties.

Die tweedespan waarin daar vier skoolseuns gespeel het, het vir die eerste keer ook 'n Intervarsity gewen met mooi gooiwerk deur van Wyk en uitmuntende spel deur Haupt op die eersterus en Lategan op die tweede. Telling: 10 lopies teen 7.

## 'n Sosiologiese Ver. Gestig

Op Maandagaand, 6 April, is 'n vergadering gehou waarop besluit is om 'n vereniging te stig wat sal genoem word: „Die Sosiologiese Vereniging van die Universiteit van Stellenbosch."

Die doel van die Vereniging is:—

(1) Bespreking van sosiale vraagstukke van aktuele belang afgesien van departementele belange.

(2) Nouer samewerking tussen staf en studente van die Dept. van Sosiologie te verkry.

(3) Gekoördineerde belangstelling te wek tussen alle studente van Sosiologie in S.-A.

Die bestuur vir 1943 is as volg:—

Voorsitter: M. A. Hough.
Vise-Voorsitter: L. Badenhorst.
Sekretaresse: Mej. Noëlle Grobbelaar.
Assistent-Sek.: Stefanie Malan.
Tesourier: D. van Zyl.
Argivaris: D. Haupt.
Add. lede: Mej. Lydia Erlank, Mnr. Visser.

## Harmonie-Huisdans

Verlede Vrydagaand was die Conservatorium weer die jolige dog spookagtige toneel van Harmonie se jaarlikse huisdans. Omring deur spinnekoppe, volmane en grieselrige spookgedaantes het die vrolike paartjies hul ten volle ingewerp in die atmosfeer van die aand en telkens het hulle hul geskaar rondom die groot swart pot waarin die heks besig was om hul liefdespaljasse te vervaardig.

As eregaste het opgetree dr. en mev. O. T. de Villiers en dr. en mev. S. P. van Wyk; en onder die bekwame konvenorskap van mej. A. du Preez het die verrigtinge vlot van stapel geloop. Nadat mej. Elsa Norval, die Primaria van Harmonie die gaste welkom geheet het, is daar weggeval met die dans, en dit was half-een voordat iemand besef het dat die aand om was.

Verskeie oud-Harmoniete was ook onder die gaste opgemerk, o.a. mejj. Sybel Morkel, Elsabé de Kock en Brunhilde Coetzer.

Wat jy ook mag doen om reiner, ryper, vryer te word — doen dit vir jou volk.

*H. von Treitschke*

Kom kyk na ons Nuwe Uitstalling van Mans „Rex Donical" Sportspakke. Dis net die ideale pak vir Naweekdrag of Klasloop.

Ons nuwe besending Jaste is nou in voorraad, pryse vanaf 82/4, 105/-, 124/-, tot 178/-.

Warm Wolserpe 2/11, 3/3, 4/6, 5/6, 7/6. Warm Slaappakke in die nuutste kleure 13/6, 14/4, 16/6. Warm Oortrekjersies met Hoë Kraag 12/11, met Ritssluiter 15/11, met Rolkraag 23/-.

Sambrele 5/3, 8/6, 10/6, 11/6 tot 15/6.

Vergelyk eers ons pryse voor u koop.

GEBROEDERS DE WET (EIENS.) PBK.

Foon 20. Birdstraat, Bus 21.
STELLENBOSCH.

DAMES! Alles wat U nodig het is teen die billikste pryse en met vriendelike bediening te kry by

DIE KAROO-BAKEN-DAMESUITRUSTERS

Eienaar:
H. J. A. SMIT
(Baken)



Wat binne die eerskomende vyf dae open in

BIRDSTRAAT 33
Teenoor die Braak
STELLENBOSCH

Bus 150.

Die Volgende Voorgeskrewe Boeke

het so pas aangekom!

| | | |
|---|---|---|
| 1. | Austen: Sense & Sensibility | 3/6 |
| 2. | Hampden: Nine Modern Plays | 2/3 |
| 3. | Brierly: Law of Nations | 8/- |
| 4. | Cohen: Theoretical Organic Chemistry | 12/6 |
| 5. | Loney: Plane Trigonometry | 13/6 |
| 6. | Mitchell: Building Construction | 10/- |
| 7. | Wilson: Vaulting & Agility | 6/3 |
| 8. | Cambridge Greek Test. St. Luke | 9/6 |

C.S.V.-BOEKHANDEL
STELLENBOSCH